


7 August 2020

SDL colloquium 16 July 2020

The Research Unit SDL hosted their first virtual colloquium on 16 July 2020 with a total of 40 researchers in attendance. The theme for the colloquium was: “Data gathering for research during Covid-19”. The facilitator was Prof Jako Olivier, who elaborated on matters regarding online recruitment, online informed consent, ethical issues concerning electronic questionnaires, internet data and the use of social media. Attendees shared their challenges and members assisted in finding solutions.



SDL-Colloquium 16 Julie 2020

Die navorsingseenheid Selfgerigte Leer het hulle eerste virtuele colloquium op 16 Julie 2020 gehou met 'n totaal van 40 navorsers wat dit bygewoon het. Die tema van die colloquium was “Data-insameling vir navorsing tydens Covid-19”. Die koördineerder was prof Jako Olivier, wat uitgebrei het oor sake rakende aanlyn werwing, aanlyn ingeligte toestemming, etiese kwessies rakende elektroniese vraelyste, internetdata en die gebruik van sosiale media. Deelnemers het hulle uitdagings gedeel en lede het gehelp om oplossings te vind.

Congratulations to Prof Josef de Beer and his colleagues: Teachers Without Borders project finalist in the NSTF-South-32 Awards

The Teachers Without Borders project of the Research Unit Self-Directed Learning in the Faculty of Education at the NWU has a goal to assist natural sciences, mathematics and technology teachers in their own self-directed learning to become master teachers who will inspire inquiring minds and whet the appetite for science in young people. The project was chosen as a finalist in the NSTF-South-32 Awards, in the Science

Communication category. The Science Oscars are the most prestigious recognition for research in the natural sciences. Although the project was not chosen as the overall winner, the team members, Prof Josef de Beer (project leader), Prof Neal Petersen, Prof Marthie van der Walt, Mr Tswakae Sebotsa, and Mr Benjamin Seleke, did the Research Unit SDL, the faculty and the NWU proud.



Prof Josef de Beer & Mr Tswakae Sebotsa

To read more about the Teachers without borders Project, please click on the link below:

English: <http://news.nwu.ac.za/teachers-without-borders-inspire-new-generation-scientists>

Afrikaans: <http://news.nwu.ac.za/af/onderwysers-sonder-grense-inspireer-%E2%80%99n-nuwe-geslag-wetenskaplikes>



Prof Marthie van der Walt introduces teachers to Boomwhackers



The team en route to Calvinia



Prof Neal Petersen introduces teachers to the foldscope microscope

Baie geluk aan prof Josef de Beer en sy kollegas: Onderwysers Sonder Grense -projekfinaliste vir die NSTF-South-32-toekennings

Die Onderwysers Sonder Grense-projek van die Navorsingseenheid Selfgerigte Leer in die Fakulteit Opvoedkunde by die NWU het die doelwit om ondersteuning te bied aan natuurwetenskap-, wiskunde- en tegnologie-onderwysers om selfgerig leer te bemeester wat ondersoekende gedrag en dryfkrag by jong leerders wakker maak. Die projek is as 'n finalis vir die NSTF-South-32-toekenning in die Wetenskapkommunikasiekategorie gekies. Die Wetenskap Oscars is die mees gesogte prestigegeleentheid vir navorsing in natuurwetenskap. Alhoewel die projek nie as

die algehele wenner gekies is nie, is die Navorsingseenheid vir Selfgerigte Leer, die fakulteit en die NWU trots op die werk wat die spanlede, prof Josef de Beer (projekleier), prof Neal Petersen, prof Marthie van der Walt, mnr Tswakae Sebotsa en mnr Benjamin Seleke, gedoen het.

Putting edible insects on the menu

While many people cringe at the thought of consuming bugs, entomophagy – the term for eating insects – has been practised for hundreds of years in South Africa.

In the North West, Limpopo and Mpumalanga, flying ants, grass-hoppers, mopane worms, African metallic wood-boring beetles and edible stinkbugs are delicacies.

However, because of the influence of mass media, many South Africans perceive insects as disease-carriers and crop destroyers, instead of noting the crucial role they play in food security, soil improvement, nutrition and pollination.

To educate the public about this multi-million Rand industry, researchers from the North-West University (NWU) and Rikkyo University in Japan were tasked with decoding indigenous knowledge systems of the mopane worm and the edible stinkbug for the school curriculum.

The resource materials produced through this study promote education for sustainable development and the principles of global citizenship.

The researchers also focused on community-based, multidisciplinary approaches to conservation and employment, such as biodiversity stewardship,

sustainable harvesting, food security, adaptive management and ecotourism.

The study is titled “Lessons from Japan regarding indigenous knowledge related to the use of beneficial insects to enhance teacher professional development in South Africa”.

Representing the NWU are senior lecturer Dr Luiza de Sousa and postdoctoral fellow Dr Cathy Dzerefos from Community-Based Educational Research (COMBER). They are collaborating with Prof Kenichi Nonaka, a senior lecturer at Rikkyo University.

To read the article further, click on the link below:

English: <http://news.nwu.ac.za/putting-edible-insects-menu>

Afrikaans: <http://news.nwu.ac.za/af/plaas-eetbare-insekte-op-die-spyskaart>

Dr Luiza de Sousa & Dr Cathy Dzerefos



Terwyl talle mense sal gril vir die gedagte om goggas te eet, word entomofagie – die term vir die eet van insekte – reeds honderde jare lank in Suid-Afrika beoefen.

In Noordwes, Limpopo en Mpumalanga is rysmiere, sprinkane, mopaniewurms, die kameeldoringpragkewer (African metallic wood-boring beetle) en die eetbare stinkbesie lekker ny.

As gevolg van die invloed van massamedia sien talle Suid-Afrikaners insekte egter as draers van siektes en vernietigers van oeste, eerder as om te let op die belangrike rol wat hulle in voedselsekerheid, grondverbetering, voeding en bestuiving speel. Om die publiek oor hierdie

multimiljoenrandbedryf in te lig, het navorsers van die Noordwes-Universiteit (NWU) en die Rikkyo Universiteit in Japan opdrag gekry om die verwerking van die inheemse kennissstelsels oor mopaniewurms en die eetbare stinkbesie vir die skoolleerplan te ondersoek.

Die hulpbronmateriale wat deur hierdie studie verkry is, bevorder die opvoeding vir volhoubare ontwikkeling en die beginsels van wêreldwye burgerskap.

Die navorsers het ook gefokus op gemeenskapgebaseerde, multidisiplinêre benaderings tot bewaring en indiensneming, soos die verantwoordelikheid vir biodiversiteit, volhoubare oesmetodes,

voedselsekerheid, aanpassingsbestuur en ekotoerisme.

Die studie is getiteld “Lessons from Japan regarding indigenous knowledge related to the use of beneficial insects to enhance teacher professional development in South Africa”.

Veteenwoordigers van die NWU is die senior lektor dr Luiza de Sousa en die postdoktorale genoot dr Cathy Dzerefos van Gemeenskapsgebaseerde Opvoedkundige Navorsing (COMBER). Hulle werk saam met prof Kenichi Nonaka, ’n senior lektor aan die Rikkyo Universiteit.

Early childhood development rises from the (tr)ash

It is a fact that many children find themselves in barren school classes and playgrounds because their parents, educators and caregivers are often unaware of the importance of providing opportunities for purposeful play in the early years.

Fortunately, researchers from the North-West University (NWU) are joining forces with Singakwenza, a non-profit ECD organisation, to present workshops to teach adults on the importance of play and how they can make their own toys and learning materials out of recycled materials.

Research has long confirmed the importance of play as the foundation for early childhood development. In fact, “80% of a child’s brain potential - upon which all further learning is built - is developed before the age of four,” explains Prof Mariëtte Koen.

She will lead a team of researchers from the Community-based Educational Research in Diverse Context (COMBER) Early Childhood Development (ECD) strand in a project titled “Early Childhood Care and Education: building partnerships between teachers, caregivers and parents for the holistic development of young children”.

The team includes Dr Stef Esterhuizen, Dr Marinda Neethling and Benita Taylor. Prof Lesley Wood is the director of COMBER.

The North West Education Department recently gave the study the thumbs up and external funding has been secured by the Collaborative Action Research Network: Susan Noffke Action Research Foundation.

To read the article further, click on the link below:

English: <http://news.nwu.ac.za/early-childhood-development-rises-trash>

Afrikaans: <http://news.nwu.ac.za/af/vroe%C3%AB-kinderontwikkeling-staan-uit-die-asblik-op>

Dit is 'n feit dat talle kinders hulleself in leë skoolklaskamers en speelterreine bevind omdat hulle ouers, onderwysers en versorgers dikwels onbewus is van die belangrikheid om doelgerigte spel in die vroeë jare te voorsien.


Gelukkig gaan navorsers van die Noordwes-Universiteit (NWU) saam met Singakwenza, 'n VKO-organisasie sonder winsbejag, werkswinkels aanbied om volwassenes die belangrikheid van speel te leer en hoe hulle hul eie speelgoed en leermateriaal uit herwonne materiale kan maak.

Navorsing het al lankal die belangrikheid van speel as die basis vir vroeë kinderontwikkeling bevestig. Trouens, “80% van 'n kind se breinpotensiaal - waarop alle verdere leer gebou word - word voor die ouderdom van vier jaar ontwikkel,” verduidelik prof Mariëtte Koen.

Sy gaan 'n span navorsers van die gemeenskapsbaseerde opvoekundige navorsing (COMBER) Vroeë Kinderontwikkeling-groep (VKO-groep) lei in 'n projek getitel “Early Childhood Care and Education: building partnerships between teachers, caregivers and parents for the holistic development of young children”.

Die span sluit dr Stef Esterhuizen, dr Marinda Neethling en Benita Taylor in. Prof Lesley Wood is COMBER se direkteur.

Die Noordwes Onderwysdepartement het onlangs die groen lig aan die studie gegee en befondsing van buite is deur die samewerkende aksienavorsingsnetwerk: Susan Noffke-aksienavorsingstigting (Collaborative Action Research Network: Susan Noffke Action Research Foundation) verkry.



Prof Mariëtte Koen



Dr Stef Esterhuizen



Dr Marinda Neethling



Benita Taylor

Keeping fit during Lockdown

While gyms, parks and fitness centres are closed and movement outside is limited, home exercising has become all the rage. Not only does it get the endorphins going, it ultimately makes a significant difference to your mental health. This is according to Cindy Gerber and Janet Chalmers, two super-fit staffers from the Vanderbijlpark Campus. Their message is simple: yes, you can keep fit and fight the lockdown blues at home. Janet, a lecturer in the School for Language in Education, hits her home gym on average six days a week for two and half hours at a time.

Her routine consists of cardio (running and cycling), high-intensity interval training (HITT) and weight training. After an iliac artery operation in January, she also gives special attention to her stomach muscles and does four abdominal muscle sessions during the week.

Living in lockdown has meant finding new ways to work out, keep moving and stay fit. Both Janet and Cindy take part in various virtual fitness challenges.

During level 5 of the lockdown, Janet completed the following virtual challenges: Two Oceans virtual 21,1-km race, a virtual Ironman 5150, a virtual Ironman Sprint, the Strava virtual 5-km home run, the NWU 10-km virtual run, the NWU 20-km virtual cycle race and a 10-km Social Distancing home run.



"Exercise is part of who I am.
It doesn't define me, but it adds to my character, just as much as having a relationship with God and being a mom and a lecturer form part of who I am. I also believe that it is a sign of discipline, determination, persistence and self-love" - Janet Chalmers



Janet & son Ethan participating in the NWU Virtual run

Met gims, parke en fiksheidsentrum wat toe is, het dit mode geword om tuis te oefen. Dit laat nie net die endorfine vloe nie, maar maak uiteindelik ook 'n betekenisvolle verskil aan jou geestesgesondheid.

Só sê Cindy Gerber en Janet Chalmers, twee superfiks personeellede van die Vanderbijlparkkampus. Hulle boodskap is eenvoudig: ja, jy kan fiks bly en die inperkingsdepressie tuis hokslaan. Janet, 'n dosent by die Skool vir Tale in Onderwys, gebruik haar tuisgim gemiddeld ses dae per week vir twee-en-'n-half uur op 'n slag.

Haar roetine bestaan uit kardio-oefening (hardloop en fietsry), hoë-intensiteit intervaloefeninge en gewigsoefeninge. Ná 'n iliaalslaghaaroperasie in Januarie het sy ook spesiale aandag begin gee aan haar maagspiere en doen sy gedurende die week ook vier sessies maagspieroefeninge.

Die lewe tydens inperking beteken dat nuwe maniere gevind moet word om te beweeg en fiks te bly. Janet en Cindy neem byvoorbeeld albei aan verskeie virtuele fiksheidsuitdagings deel.

Tydens vlak 5 van die inperking het Janet die volgende virtuele uitdagings voltooi: Twee Oseane virtuele 21,1 km-wedloop, 'n virtuele Ysterman 5150, 'n virtuele Ysterman "Sprint", die Strava- virtuele 5 km-tuiswedloop, en 'n 10 km- Sosiale Afstand-tuiswedloop.



Congratulations

to everyone celebrating their
birthday this month.

AUGUST 2020

S	M	T	W	TH	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

• FRIDAY FEEL-GOOD NEWS •

GUIDELINES

- Snippets should be sent as an attachment in a **Word document**.
- Snippets should be approximately **50-200** words (per language).
- Snippets must be in both **English and Afrikaans** – we all use different abbreviations and names, so the correct terminology must be provided in both languages.
- Please **include a title** for your snippet.
- Related **photo/s must be provided** along with each snippet:
 - Sent as an attachment**
 - In .png or .jpeg format**
 - Minimum one photo and a maximum of eight photos**
- Email snippets to **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

For more information, contact Aloreece Johnson on X85 2722.

RIGLYNE

- Brokkies moet as 'n **aanhangsel in 'n Word-dokument** gestuur word.
- Brokkies moet ongeveer **50-200** woorde (per taal) bevat.
- Brokkies moet in beide **Engels en Afrikaans** wees – ons gebruik almal verskillende afkortings en benamings, dus moet die korrekte terminologie in albei tale verskaf word.
- Sluit 'n titel** vir u brokkie in.
- Gepaste **foto's moet saam met elke brokkie voorsien** word:
 - Gestuur as 'n aanhangsel**
 - In png- of jpeg-formaat**
 - Minimum van een foto en 'n maksimum van agt foto's**
- E-pos brokkies aan **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

Vir meer inligting, kontak Aloreece Johnson by X85 2722.